# Die "Vergete" Gebod



Laat een nag, toe ek terug gery het huis toe, het my gedagtes op loop gegaan oor 'n lewensgevaarlike krisis waardeur my dertienjarige seun gaan. Toe ek ‘n klein dorpie binnegaan, het ek begin rondkyk vir bordjies met die spoedgrens op, maar duidelik nie vinnig genoeg nie. Skielik word ek afgetrek van die pad af deur 'n polisiebeampte. Ek besef onmiddellik dat ek moontlik ‘n kaartjie vir spoed oortreding gaan kry. Hy het na die motorvenster gekom en gesê, *“Mevrou, jy het 20km per uur oor die spoedgrens gery.”* Ek het iets gesê oor die teken wat ek nie gesien het nie, en het voortgegaan om my bestuurslisensie uit te haal en vir hom te gee. *“Is jy vaak?”* het hy gevra.

Dit was naby aan middernag, maar ek was nie vaak nie, ek was meer bekommerd oor wat met my seun aangaan. Ek het iets gemompel omtrent my seun en sy lewensgevaarlike krisis. Na hy gevra het hoe oud my seun was, het hy my lisensie geneem en dit nagegaan. Ek het besef dat ek ‘n boetekaartjie verdien het. Ek het genoeg gehad om my oor te bekommer. Toe hy terug kom na die motorvenster, het hy eenvoudig gesê. *“Dit lyk goed, maar ry stadiger sodat jy kan omsien na jou seun. Mag jy ‘n goeie aand hê mevrou.”*

Genade, ek was besig om genade te ervaar.

# Ervaring van Genade

Ek besef dat wat ek gedoen het, verkeerd was. Die wet het nie verander nie, maar ek was vergewe. Nou, elke keer wanneer ek deur daardie klein dorpie ry, is ek ‘n wet-onderhoudende burger. Ek ry altyd volgens die spoedgrens. Ek sal nooit die vriendelikheid van daardie polisiebeampte aan ‘n moeder in nood vergeet nie. So ook is ons onder genade. Christus het gesterwe om te vergoed vir die feit dat ons almal die wet verbreek het; ons is ‘n planeet in nood. Die wet kon nie verander word nie, maar Hy het gesterwe in ons plek om te voldoen aan die eise van die wet.

Ons moet nooit daardie opoffering vir ons vergeet nie, en wanneer ons die wet van die hemelse koninkryk teëkom, moet ons, met danksegging in ons harte, goeie wet-onderhoudende burgers wees.

**Jakobus 2:10** sê, *"Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword."*

Meeste mense stem saam dat die laaste ses van die tien gebooie in **Exodus 20** onderhou moet word. Meeste stem saam met die eerste drie, alhoewel sommiges sukkel met afgodsbeelde, maar **ironies genoeg, so baie blyk om die vierde gebod te vergeet wat sê -Onthou/Gedenk.**

**Exodus 20:8-11** *"Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig."*

**Die vierde gebod is soos God se seël, dit herinner ons dat Hy die Skepper is en die regmatige eienaar van die wêreld.**

Die gebod verklaar dat die sewende dag die Sabbat is. Die Sabbat het sy oorsprong in Eden gehad, gemaak op die sewende dag van die Skeppingsweek. God het gerus op daardie dag, dit geseën, en dit geheilig – eenkant gesit vir heilige en gewyde gebruik. **(Génesis 2:1-3, Exodus 31:17)**

Die onderhouding van God se wet, veral die Sabbat, is ‘n spesiale teken tussen God en Sy volk.

**(Eségiël 20:11,12) Eségiël 20:19,20** *"Ek is die HERE julle God; wandel in my insettinge en onderhou my verordeninge en doen dit. <u>En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle</u>, dat julle kan weet dat Ek die HERE julle God is."*

Christus self, wie die Sabbat gemaak het, het ons 'n voorbeeld van Sabbats-onderhouding gegee.

**Lukas 4:16** *"Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en <u>soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge</u> en staan op om te lees."*

In Sy tyd hier op aarde, het Jesus ons geleer van die Sabbat.

**Markus 2:27, 28** "*En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat."*

Hy het ook voorsien dat die Sabbat tot na Sy hemelvaart nog steeds onderhou sou word. Hy het die dissipels gewaarsku van 'n tyd van benoudheid toe Hy gesê het: "*En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie."* **Matthéüs 24:20**

**Die Bybel laat ons sonder twyfel verstaan dat die gebooie van God en die Sabbat verewig deur God se volk onderhou sal word.**

Tot die einde van tyd hier op aarde—

**Openbaring 14:12** *"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; <u>hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar."</u>*

En tot in die nuwe aarde—

**Jesaja 66:22, 23** *"Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees.*

*En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.''*

**So, hoekom aanbid baie Christene op Sondag?**

**Daniël 7:25** vertel ons van 'n koninkryk wat verteenwoordig word deur 'n klein horinkie van die vierde dier, wat God tart en probeer om tye en wette te verander. *"En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander,''*

In 'n poging om heidendom en Christenskap te verenig, het Konstantyn juis dit gedoen in die vroeë deel van die vierde eeu.

*"Ongetwyfeld, die eerste wet, óf kerklike óf burgerlike, waardeur die Sabbats-onderhouding van daardie dag [Sondag] se verordening bekend is, is die edik van Konstantyn, AD 321."*-
***Chamber's Encyclopedia, artikel "Sabbath"***

Die Katolieke Kerk het voortgegaan met dié vermenging van heidendom en Christenskap en erken die onbybelse natuur van Sondag-aanbidding.

*"Sondag is 'n Katolieke instelling, en sy aanspraak op die onderhouding daarvan kan slegs verdedig word uit Katolieke beginsels…Van die begin tot die einde van die Skrifte is daar nie 'n enkele gedeelte wat die oordrag van die weeklikse publieke aanbidding van die laaste dag van die week na die eerste regverdig nie."* - **Catholic Press, Sydney, Australia, August 1900**

Hulle beweer om die gesag te hê om God se wet te verander,
*"Natuurlik maak die Katolieke Kerk aanspraak op dié verandering as haar daad:… En die daad is 'n MERK van haar kerklike mag en gesag in godsdienstige sake."* - **Cardinal Gibbons, letter dated July 7, 1895.**

Met nie ‘n enkele stukkie Bybelse bewyse vir die onderhouding van Sondag nie, en menigte Bybelverse wat die sewende dag-Sabbat—Saterdag ondersteun, het ons dus ‘n keuse om te maak. Gaan ons God se wet gehoorsaam, of die oorlewering/tradisies van die mens?

**Kolossense 2:8** *“Pas op dat niemand julle as ‘n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie.”*

# Die Sabbat Heilig Hou

Die Sabbat begin teen sononder Vrydagaand en duur tot sononder Sabbat. **(Lev. 23:32)**

Op die voorbereidingsdag *(Vrydag)* moet ons al ons werk voltooi soos in die Bybel voorgeskryf. **(Ex. 16:23)**

Op Sabbat moet ons ons daarvan weerhou om te koop en te verkoop en alle ander algemene arbeid te verrig**. (Neh.13:15-21, Deut. 5:12-14).**

God belowe ‘n seëning op Sy spesiale dag indien ons ons weerhou van wêreldse dinge.

*"As jy jou voet terughou van die sabbat om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek."* **Jesaja 58:13, 14**

*"Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God;"* **Hebreërs 4:9**

'n Geskenk vanuit Sy eie hand. Laat ons streef daarna om daardie rus in te gaan, om die prys van die genade wat uitgeoefen is oor ons te onthou, die dood van God se liewe Seun, ons Verlosser, wie gesterwe het om te voldoen aan die eise van die wet.

Hy vra maar een ding in ruil.

*"As julle My liefhet, bewaar my gebooie."* **Johannes 14:15**

*Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.*
*Jakobus 2:10*

VERTAAL DEUR

PSALMS 112:4

LIGHT IN DARKNESS
WWW.LIGINDUISTERNIS.COM

**Vir meer informasie kom kuier vir ons by**

**biblepicturepathways.com**